

BUITENGEWONE

OFFISIELLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE EXTRAORDINARY OF SOUTH WEST AFRICA



UITGawe OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c

Woensdag 24 April 1974

W I N D H O E K

Wednesday 24 April 1974

No. 3393

INHOUD

CONTENTS

Bladsy/Page

Bladsy/Page

ONTWERPORDONNANSIE:

DRAFT ORDINANCE:

Munisipale Wysigingsontwerp-
ordonnansie 1974.

373

Municipal Amendment Draft
Ordinance, 1974

374

ONTWERPORDONNANSIE

DRAFT ORDINANCE

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene
inligting gepubliseer.

The following Draft Ordinance is published for general
information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

Administrator's Office,
Windhoek.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

— Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.

[] Woorde tussen vierkantige hake dui aan skrappings voorgestel.

ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Munisipale Ordonnansie 1963, ten einde die uitdrukking "sanitaire dienste" te omskryf; te bepaal dat niemand in meer as een wyk kandidaat by die verkiesing van raadslede mag word nie; die toegelate bedrag van uitgawes ten opsigte van verkiesings te verhoog; te bepaal dat 'n raad nie sekuriteit vir die betaling van heffings, gelde of belastings wat deur die Suidwes-Afrika Water- en Elektrisiteitskorporasie (Eiendoms) Beperk aan die raad verskuldig is of mag word ten opsigte van die gebruik van water, elektrisiteit of gas, hoef te vereis nie; voorseening te maak dat 'n raad goedere wat op die terrein van 'n swembad gevind is en nie opgeëis is nie, kan verkoop; voorseening te maak dat 'n raad beurse en lenings wat gebruik is vir studie aan sekere onderwysinrigtings kan aflos; en om voorseening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

Wysiging van artikel 1 van
Ordonnansie 13 van 1963,
soos gewysig deur artikel 2
van Ordonnansie 15 van
1972.

1. Artikel 1 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) – hieronder die hoofordonnansie genoem – word hierby gewysig deur na die woordbepaling van "sanitaire gerief" die volgende woordbepaling in te voeg:

"omvat "sanitaire dienste" ook riooldienste;"

2. Artikel 21 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende verdere voorbehoudsbepaling by te voeg:

"Met dien verstande voorts dat niemand in meer as een wyk 'n kandidaat by die verkiesing van raadslede mag word nie."

3. Artikel 82 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) vir elke kandidaat [tweehonderd] vierhonderd rand en 'n verdere vier rand vir elke eenhonderd ingeskreve kiesers bo vyfhonderd;"

Wysiging van artikel 82
van Ordonnansie 13 van
1963.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

— Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

[] Words in square brackets indicate omissions proposed.

DRAFT ORDINANCE

To amend the Municipal Ordinance, 1963, so as to define the expression "sanitary services"; to provide that no person shall become a candidate in more than one ward at an election of councillors; to increase the amount of expenditure allowed in respect of elections; to provide that a council shall not be obliged to require security for the payment of charges, fees or rates due or which may become due to the council by the Suidwes-Afrika Water- en Elektrisiteits-korporasie (Eiendoms) Beperk in respect of the consumption of water, electricity or gas; to provide that a council may sell goods which have been found on the premises of a swimming bath and which have not been claimed; to provide that a council may redeem bursaries and loans applied for study at certain educational institutions; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:-

1. Section 1 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the insertion after the definition of "sanitary convenience" of the following definition:

Amendment of section 1 of
Ordinance 13 of 1963, as
amended by section 2 of
Ordinance 15 of 1972.

"sanitary services" includes sewerage services;".

2. Section 21 of the principal Ordinance is hereby amended by the addition of the following further proviso:

Amendment of section 21
of Ordinance 13 of 1963.

"Provided further that no person shall become a candidate in more than one ward at an election of councillors."

3. Section 82 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of subsection (1) of the following paragraph:

Amendment of section 82
of Ordinance 13 of 1963.

"(a) for each candidate [two hundred] four hundred rand and a further four rand for every one hundred enrolled voters over and above five hundred;".

Wysiging van artikel 166 van Ordonnansie 13 van 1963, soos gewysig deur artikel 18 van Ordonnansie 13 van 1967 en artikel 2 van Ordonnansie 7 van 1971.

4. Artikel 166 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) Benewens die heffings, gelde en belastings waarvoor hierdie subartikel voorsiening maak, moet die raad vereis dat elke verbruiker, buiten die Staat en die Suidwes-Afrika Water- en Elektrisiteitskorporasie (Eiendoms) Beperk, van water, elektrisiteit of gas 'n bedrag by hom moet deponeer of hom voorsien van 'n aanvaarbare waarborg wat minstens gelyk is aan die geskatte heffing vir 'n gemiddelde maand se verbruik as sekuriteit vir die betaling van enige heffings, gelde of belastings wat aan die raad verskuldig is of kan word."

Wysiging van artikel 231 van Ordonnansie 13 van 1963, soos gewysig deur artikel 6 van Ordonnansie 9 van 1973.

5. Artikel 231 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by te voeg:

"(i) na die einde van 'n swemseisoen alle goedere wat op die terrein van 'n swembad gevind is en nie opgeëis is nie by wyse van openbare veiling verkoop of sodanige goedere wat nie by sodanige veiling verkoop word nie, vernietig: Met dien verstande dat die raad, voor dat hy sodanige veiling hou, sy voorname om dit te doen minstens een keer in 'n nuusblad wat in die betrokke munisipale gebied omloop moet adverteer en aan enige belanghebbende die geleentheid moet gee om sodanige goedere te besigtig en eniglets waarop hy 'n regmatige aanspraak het, op te eis."

Wysiging van artikel 241 van Ordonnansie 13 van 1963, soos gewysig deur artikel 10 van Ordonnansie 29 van 1965 en artikel 7 van Ordonnansie 17 van 1970.

6. Artikel 241 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur na paragraaf (b) van subartikel (1) die volgende paragraaf in te voeg:

"(b) bis enige aanspreeklikheid wat iemand opgeloop het vanweé die ontvangs of aangaan deur so iemand van 'n beurs of lening wat hy gebruik het vir studie by 'n onderwysinrigting -

(i) in die Gebied; of

(ii) in die Republiek van Suid-Afrika as daar geen inrigting in die Gebied is waarby sodanige beurs of lening aldus gebruik kon word nie; of

4. Section 166 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of subsection (3) of the following paragraph:

"(b) In addition to the charges, fees and rates provided for in this subsection the council shall require any consumer, other than the State and the Suidwes-Afrika Water- en Elektrisiteitskorporasie (Ejendoms) Beperk, of water and electricity or gas, to deposit with it a sum of money or to provide it with an acceptable guarantee at least equal to the estimated charge for an average month's consumption as security for the payment of any charges, fees or rates due or which may become due to it."

Amendment of section 166 of Ordinance 13 of 1963, as amended by section 18 of Ordinance 13 of 1967 and section 2 of Ordinance 7 of 1971.

5. Section 231 of the principal Ordinance is hereby amended by the addition of the following paragraph:

Amendment of section 231 of Ordinance 13 of 1963 as amended by section 6 of Ordinance 9 of 1973.

"(i) after the end of a swimming season sell by way of public auction all goods which have been found on the premises of a swimming bath and which have not been claimed, or, destroy any such goods not sold at such auction: Provided that the council shall, before holding such an auction, at least once advertise its intention to do so in a newspaper circulating in the municipal area concerned and shall give any interested person the opportunity to inspect such goods and to claim anything to which he has a rightful claim."

6. Section 241 of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion after paragraph (b) of subsection (1) of the following paragraph:

Amendment of section 241 of Ordinance 13 of 1963 as amended by section 10 of Ordinance 29 of 1965 and section 7 of Ordinance 17 of 1970.

"(b) *bis* on the conditions determined by the council redeem any liability incurred by any person by reason of the receipt or acceptance by such person of a bursary or loan which he has applied for study at an educational institution -

(i) within the Territory; or

(ii) within the Republic of South Africa if there is no such institution within the Territory at which such bursary or loan could be so applied; or

(iii) wat die Uitvoerende Komitee goedkeur as daar geen sodanige inrigting, in die Republiek van Suid-Afrika is waarby sodanige beurs of lening aldus gebruik kon word nie,

op die voorwaardes wat die raad bepaal,
aflos;".

Kort titel.

7. Hierdie Ordonnansie heet die Municipale Wysigingsordonnansie 1974.

- (iii) approved by the Executive Committee, if there is no such institution within the Republic of South Africa at which such bursary or loan could be so applied;".

7. This Ordinance shall be called the Municipal Amendment Ordinance, 1974. Short title.